# Inhoud

## Kwartaal 4: Week 31 tot 35

**Storie 1:**
Diere wat trek ........................ 2




**Storie 2:**
Op ons eie voete ........................ 9



EXTRACT PAGES

# Diere wat trek




EXTRACT PAGES

Baie diere trek rond. Diere trek na waar daar beter weer, broeiplek of kos is. Die diere weet waarheen hulle moet gaan. Hulle keer altyd weer terug huis toe.




EXTRACT PAGES


Diere trek om kos en water te vind.
Diere trek wanneer die weer verander.
Diere trek as daar te veel ander diere by hulle blyplek is.
Party diere trek na veiliger plekke om te broei om te broei.

Party soorte naaldekokers, soos narbroekies, vlieg van Indië na Afrika. Hulle trek agter die reën aan.




Seeskilpaaie swem baie ver.

Hulle soek kos en ’n plek om hul eiers te lê. Hulle gaan altyd na dieselfde broeiplek.




EXTRACT PAGES




Walvisse swem meestal in koue water. Hulle swem ver na warmer water.

Hulle kalfies word daar gebore.





Witdoodshaaie trek ook. Hulle trek agter robbe aan sodat hulle kan eet. Haaie hou van die warmer water in die Indiese oseaan.

EXTRACT PAGES


In Afrika is daar vrugtevlermuise wat trek. Die vlermuise soek plekke met baie vrugte. Hulle eet baie vrugte elke nag.





Sommige flaminke trek agter kos en warmte aan. Hulle trek ook soms om te broei.




EXTRACT PAGES




Baie sardyne swem elke jaar na Suid-Afrika om eiers te lê. Die water is warm. Die vissies broei dan vinnig uit.




Wildebeeste trek deur riviere om kos te vind. Hulle trek saam in groot groepe.

EXTRACT PAGES




EXTRACT PAGES

Die Arktiese sterretjie is ’n wit seevoël.
Hulle vlieg van die Noordpool tot by die Suidpool.
Dit is die verste wat enige voël vlieg.
Diere verhuis oor die wêreld na kos, broeiplek en beter weer.
Hulle werk hard om te oorleef!

## Vrae:

1. Het jy al ’n wildebees gesien?
2. Sou jy ook wou trek na beter weer? Hoekom of hoekom nie?
3. Waar in Suid-Afrika kan jy walvisse sien?